Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
DESEMBER 2021

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

RABIE VERBIND HAAR TOT OPENHARTIGE: KOMMUNIKASIE, MISDAADBEKAMPING EN KOSTEBESNOEIING

Overstrand se nuwe Munisipale Raad vir die volgende vyf-jaar-termyn is op Woensdag, 17 November 2021 ingehuldig: Annelie Rabie is verkies as Uitvoerende Burgemeester, rdl. Lindile Ntsabo as uitvoerende onderburgemeester en rdl. Grant Cohen as speaker.

IN HAAR INHULDIGINGSREDE HET NUUTVERKOSE UITVOERENDE BURGEMEESTER ANNELIE RABIE opgemerk dat selfs al het Overstrand sy agste opeenvolgende skoon oudit gekry en met 'n toegewese jaarlikse begroting van R1,4 miljard kan spog, sy steeds besorg is dat Overstrand dalk 'n baie duur plaaslike owerheid kan word – of dalk reeds een is.

"Die Raad sal binnekort ernstig moet besin oor of ons burgery steeds die tariewe kan bekostig wat gehef word," het sy gesê en hierop uitgewei deur daarop te wys dat om tariewe te verhoog van geen waarde is as al wat dit tot gevolg het 'n toename in die persentasie wanbetalers is nie.

In soverre die lewering van basiese munisipale dienste betref, het Rabie gesê sy was geskok deur die mate van inkonsekwentheid wat ten tyde van haar "luistertoere" in aanloop tot die verkiesing onthul is. "In oorleg met die munisipale bestuurder sal ons die pad na konsekwente lewering van basiese dienste aanpak. As dit daarop neerkom dat ons vir een of twee boekjare niks anders doen as om bloot ons primêre konstitusionele mandaat in orde te kry nie, is dit nou maar daarna toe," het sy verklaar.

"As ons nie eens die basiese dinge reg kan doen nie, gaan ons beslis nie beleggers of besoekers lok nie. Insgelyks is ons dit aan alle inwoners van Overstrand verskuldig om dorpe te skep wat skoon en netjies is.

"Dus, hoe gouer ons skoonmaak, hoe vinniger kan ons treetjie-vir-treetjie aandag aan verhoogde dienslewering skenk.

"Die handhawing van Overstrand se omgewingsintegriteit is 'n doelwit wat vir die duur van my ampstermyn on-onderhandelbaar is," het die Burgemeester bygevoeg. Met hierdie doel voor oë sal 'n omgewingsadvieskomitee onder aanvoering van burgerlikes op die been gebring word om seker te maak dat ontwikkeling en regeringsbestuur in Overstrand op die beginsels van die behoud van omgewingsintegriteit gegrond word en teen daardie agtergrond afspeel.

"Ek stel die instelling van 'n voltydse omgewingsakepos op die burgemeesterskomitee in die vooruitsig. Hierdie pos sal, onder andere, belas word met aangeleenthede verwant aan klimaatsverandering, ons koolstofspoor, alternatiewe energie, die beskerming van ekosisteme en die volhoubare benutting van ons omgewingsbates – die grond, die see en die lug – met die oog op die bevordering van toerisme en entrepreneurskap.

"Selfs al wil ons ons omgewingsintegriteit ten elke prys behou, is een van die grootste uitdagings waarvoor die Raad te staan kom om werksgeleenthede te skep sodat die toenemende aantal werkloses in ons area, veral vroue en jongmense, 'n inkomste kan verdien.

"Voorwaar 'n netelige kwessie: Waar moet ons ontwikkel, en waar moet ons bewaar? Na my mening is ontwikkeling en bewaring nie noodwendig onverenigbaar nie. Hier moet ons gaan kersopsteek by die res van die wêreld en kyk na hoe hulle daarin geslaag het om samehangende koppelvlakke tussen ontwikkeling en bewaring te bewerkstellig. Die tyd het dalk ook aangebreek om ons op slimtegnologie te verlaat sodat sake in ons dorpe op 'n omgewingsvriendeliker wyse bedryf word.

"Dat ons heelwat moet vermag, lei geen twyfel nie, maar mits ons verbind is tot die "3 Cs" wat onmiddellike strategiese intervensie ten grondslag lê, is niks onmoontlik nie."

Ter verduideliking, die "3 Cs" waarna Rabie verwys, het betrekking op "*communicating, curbing crime and cutting costs*" en kan as volg verduidelik word:

1. Openhartige kommunikasie: Alle besluite wat deur die Raad en die administrasie geneem word, moet in eenvoudige taal op watter beskikbare wyse ook al oorgedra word aan soveel as moontlik mense wat in Overstrand woon. Voorts moet alle personeellede deurentyd daarop bedag wees dat hulle in diens van die mense is, nie omgekeerd nie. Met ander woorde, daar word van hulle verwag om hoflik en toegewend op te tree teenoor diegene in wie se diens hulle staan – hetsy die publiek en/of hulle kollegas, en ongeag die omstandighede. Voorts sal raadslede en senior bestuur hul gesprekvoering- en luistervaardighede moet opskerp. Die voorneme is om raadsvergaderings tussen die vernaamste dorpe te roteer, en daar sal van burgemeesterskomiteelede sowel as senior bestuurders verwag word om op voorafbepaalde datums beskikbaar te wees sodat hulle vrae kan beantwoord en aandag kan skenk aan kwessies rondom plaaslikeregeringsaangeleenthede wat deur die publiek en/of sakegemeenskap geopper is.

2. Misdaadbekamping en wetstoepassing: Onwettige grondbesettings, onreëlmatige bouery en onwettige storting sal nie meer geduld word nie. Voorts sal daar 'n einde gemaak word aan die buitensporige uitbuiting van Overstrand se mariene hulpbronne – 'n kwessie wat oor die afgelope twintig jaar nog nie opgelos kon word nie. Met hierdie doel voor oë, het die Burgemeester onderneem dat alle betrokke partye – hetsy die departement van gemeenskapsveiligheid, die SAPD, of die departement van bosbou, visserye en die omgewing – aanspreeklik gehou sal word as wetstoepassingsbeamptes nie produktief ingespan en bemagtig word om hul taak te verrig nie. Daardie beamptes moet nie aan hul eie genade oorgelaat word nie.

3. Kostebesnoeiing en uitskakeling van rompslomp: In hierdie verband het die Burgemeester gemaan dat die standaardantwoord "nee, jy kan nie dit doen nie" sal moet verander na "kom ons kyk hoe ons jou kan help". Om dit te vermag, sal die departemente belas met infrastruktuur en dorpsbeplanning hul sakeprosesse weer in oënskou moet neem sodat duplikasies en onnodige goedkeurings en/of koppelvlakke met provinsiale departemente uitgeskakel kan word en sodat die tyd wat dit neem om aandag aan besware/vertoë te skenk, bouplanne goed te keur en inspeksies uit te voer aansienlik verkort word. Om 18 tot 24 maande te wag op finale goedkeuring vir 'n ontwikkelingsvoorstel sal voortaan nie geduld word nie.

Ter samevatting het die Burgemeester gesê dat verkiesings daarop neerkom dat die regering 'n ooreenkoms met die burgery aangaan: "Selfs al het die DA 17 van die 27 setels in die Raad verower, moet ons erkenning verleen aan diegene met 'n ander politieke beskouing wat op die Raad verteenwoordig is en moet ons, kollektief, ooreenkom om mekaar te respekteer en bereid wees om in gesprek te tree.

"Ek wil ook 'n uitnodiging tot die algemene publiek rig om te help sorg dat ons die geld wat julle aan belasting bestee op 'n verantwoordbare wyse bestee en dat ons met sorg omsien na die omgewing waarin julle jul bevind. Juis daarom moet julle 'n gesprek met jul wyksraadslid aanknoop, openbare vergaderings bywoon en jul mening lug oor die geïntegreerde ontwikkelingsplan en die begroting.

"Ek sien daarna uit om saam met die munisipale bestuurder en ons personeellede hierdie doelwitte te bereik, en ek sê sommer byvoorbaat dankie vir hul toewyding.

"Selfs al bestaan die Raad wat my onderskraag uit diverse lede, het ons dít eens: Ons is almal verkies omdat ons 'n Overstrand wil hê vir almal. Onder my aanvoering sal hierdie plaaslike regering sy bes doen om daardie belofte na die beste van ons vermoë gestand te doen. Kom ons kry dinge gedoen!"

'n Volledige weergawe van die Burgemeester se inhuldigingsrede is beskikbaar by www.overstrand.gov.za

WYKSKOMITEES: Só kry inwoners regstreeks 'n sê in plaaslike regerings se doen en late

Wykskomitees word allerweë beskou as dié meganisme om goeie regeringsbestuur op plaaslikeregeringsvlak te bevorder aangesien hierdie meganisme gemeenskappe regstreeks betrek by programme en projekte se beplanning, begrotings, monitering en evaluering.

Munisipaliteit Overstrand mag weliswaar erkenning verwerf het vir die gladde funksionering van sy wykskomiteestelsel, maar hierdie stelsel kan slegs gehandhaaf en selfs verbeter word indien die gemeenskap aktief deelneem aan die aanwysing en funksionering van hierdie komitees.

As 'n uitvloeisel van die 2021-plaaslikeregering-verkiesings is nuwe wykskomitees vir elk van Overstrand se 14 wyke (sien kaart) reeds op die been gebring.

Hierdie komitees word saamgestel uit die wyksraadslid en tot soveel as tien ander mense wat na behore genomineer en verkies is om op te tree as verteenwoordigers van organisasies/sektore, geografiese blokke en ander belanghebbendes (d.w.s. inwoners) binne die grense van die spesifieke munisipale wyk.

In samehang met die Overstrandse Munisipale Adviesforum (OMAF) sal hierdie komitees funksioneer as die amptelike skakel rakende alle strategiese munisipale aangeleenthede wat betrekking het op daardie spesifieke wyk.

Vir meer inligting oor die lede wat verkies is om op jou wykkomitee te dien, kontak jou wyksraadslid.

Overstrand se Wyke

Munisipaliteit Overstrand is geleë in die Overbergdistrik, Wes-Kaap.

Overstrand se wyke is soos volg:

1. Stanford, Thembelihle
2. Gansbaai-noordoos, Masakhane
3. Hermanus, Voëlklip en 'n gedeelte van Westcliff oos van De Goedestraat
4. Mount Pleasant, Hemel-en-Aarde-vallei en 'n gedeelte van Westcliff wes van De Goedestraat
5. Zwelihle
6. Zwelihle
7. Sandbaai
8. Fisherhaven, Hawston
9. Kleinmond, Mountain View, Palmiet, Beverly Hills, Uitbreiding 6
10. Pringlebaai, Rooi-Els, Mooi-Uitsig, Bettysbaai, Overhills, Proteadorp
11. Baardskeerdersbos, Eluxolweni, Pearly Beach, Buffeljachtsbaai, Franskraal
12. Zwelihle
13. Onrus, Vermont
14. Blompark, De Kelders, Gansbaai-suidwes, Van Dyksbaai

WERD OM TE WEET

- 'n Wykskomitee moet ten minste een keer per maand vergader, behalwe ten tyde van 'n Raadsreses.
- Die publiek moet by alle vergaderings toegelaat word, en enigeen kan 'n spreekbeurt kry.
- Vergaderings mag nie langer as twee ure duur nie, behalwe in die geval van aangekondigde kwartaallikse terugvoervergaderings wat langer as drie ure mag duur.
- Alle kwartaallikse terugvoervergaderings moet ná munisipale kantoorure gehou word.
- Wykskomiteelede of die persoon wat deur hulle gesekondeer is, sal vergoed word vir die uitgawes wat hulle self moet aangaan ooreenkomstig die tariefskedule wat van tyd tot tyd vir hierdie doel ontwikkel en gewysig word.
- Die munisipale administrasie verskaf verskeie vorme van administratiewe en tegniese ondersteuning ter onderskraging van die wykskomiteestelsel.
- 'n Wykskomitee se ampstermyn val saam met dié van die Raad.

NUUSFLITS

HERWINNING WEER OP DREEF

In Augustus vanjaar het *Bulletin* berig oor die vordering wat gemaak is met die bou van die nuwe materiaalherwinning- en openbare aflaaifasiliteit in Hermanus en die aanstel van 'n kontrakteur om hierdie fasiliteit te bedryf.

Die goeie nuus is: Daardie fasiliteit is nou ten volle operasioneel.

Dit beteken huishoudings in die Groter Hermanus- en Hangklip-Kleinmond-area kan weer eens herwinbare items in deursigtige plastieksakke op die sypaadjie uitplaas sodat dit op die toegewese vullisverwyderingsdag afgehaal kan word.

Vir elke deursigtige plastieksak wat deur 'n huishouding uitgeplaas word, sal 'n nuwe een ter vervanging verskaf word.

As jy nie 'n permanente inwoner is nie (m.a.w. jou eiendom as 'n vakansie-/naweekhuis gebruik), besoek jou naaste munisipale kantoor en vra vir 'n deursigtige plastieksak of twee sodat jy aan die gang kan kom. Daarna sal hierdie sakke outomaties vervang word.

Alle papier, karton, blikkies, glasbottels en plastiek kan in die deursigtige plastieksakke geplaas word.

In hierdie verband, hou die goue reël voor oë: Nat afval gaan in swart sakke, herwinbare items in deursigtige plastieksakke.

Om te verhoed dat vullisverwyderaars beseer word, draai asseblief gebreekte glas in koerantpapier toe voordat dit in 'n vullissak of rolvullishouer geplaas word.

Ons herinner alle inwoners, vakansie-gangers en naweekbesoekers ook vriendelik daaraan dat vullissakke/-houers nie vóór 07:00 op die dag van verwydering uitgeplaas mag word nie. Geen rolvullishouers of vullissakke mag oornag op die sypaadjie gelaat word nie. Nalating om aan hierdie regulasie te voldoen, veral in probleemdiergebiede, kan swaar boetes tot gevolg hê.

As jy vóór die geskeduleerde vullisverwyderingsdag moet vertrek, laai asseblief jou huishoudelike afval by die naaste munisipale fasiliteit af of tref reëlings met die bure/verhuringsagent om die sakke namens jou uit te plaas.

Vir meer inligting oor geskeduleerde vullisverwyderingsdae en herwinning, kontak jou naaste munisipale kantoor of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

BESONDERSE EER VAL GROTTO TE BEURT: EERSTE BLOUVLAG VIR DIE 2021/22-SEISOEN AMPTELIK HIÉR GEHYS

BLOU VLAE WAPPER ORAL: Blouvlagstatus vir die komende 2021/22-vakansie-seisoen is toegeken aan die volgende Overstrand strande: Grotto, Hawston, Kleinmond, Onrus en Castle Beach. By die amptelike bekendstelling van die nasionale Blouvlag-seisoen was (agter van l-r) dr. Andrew Baxter, WESSA se HUB, Wyk 3-raadslid Kari Brice, areabestuurder: Hermanus Anver Wyngaard, Burgemeester Dudley Coetzee, areabestuurder: Gansbaai-Stanford Francois Myburgh, Blouvlagkoördineerder Lauren Rainbird en adjunk-direkteur-generaal: nasionale toerisme Shamilla Chettiar. Voor hurk Hermanus se walvisroeper Bulelani Ngidi en Dencil Arendse wat die Hangklip-Kleinmond-administrasie verteenwoordig het.

Vir die afgelope een-en-twintig jaar is Grotto ononderbroke jaar na jaar geloof vir uitnemende standaarde wanneer dit by veiligheid, geriewe, netheid en omgewingsbewaring kom – en juis daarom kon hierdie strand telkens trots die Blou Vlag hys.

Ter erkenning van hierdie prestasie het WESSA (die nasionale operateur van die Blouvlagprogram in Suid-Afrika) besluit dat die nasionale 2021/22-blouvlagseisoen amptelik op Grotto van stapel gestuur moet word.

Die sprekers by hierdie geleentheid was me. Shamilla Chettiar (adjunk-direkteurgeneraal van die nasionale departement van toerisme), rdh. Dudley Coetzee (Uitvoerende Burgemeester van Munisipaliteit Overstrand) en WESSA se HUB, dr. Andrew Baxter.

Oor die algemeen is die konsensus dat die toerisme-, gasvryheid- en vermaaklikheidsbedryf 'n geweldige slag weens die Covid-19-pandemie toegedien is.

"Ons is dit almal eens dat alles moontlik gedoen moet word om hierdie bedrywe te help om weer op hulle voete te kom ter wille van die beveiliging van kusgemeen-skappe soos dié van Overstrand se lewensbestaan waar ons grootliks afhanklik is van die inkomste wat uit toerisme verdien word," het Coetzee gesê.

Met hierdie doel voor oë het Coetzee onderneem dat Munisipaliteit Overstrand sy bes sal doen om te help verseker dat die integriteit van sy strande gehandhaaf word – kom wat wil.

Baxter het hierdie beskouing bekragtig en gesê dat WESSA daartoe verbind is om aan te hou om met munisipaliteite en toerisme-operateurs saam te werk om die Blouvlagprogram uit te bou in 'n poging om die bewaring van mariene en kusomgewings te versterk, omgewingsbewustheid te verhoog en gesonde omgewingspraktyke onder toeriste, kusgemeenskappe en strandbestuurders te bevorder.

Soos uitgewys deur me. Chettiar is die nasionale doel om 'n honderd van die gesogte Blou Vlae teen 2030 te hys.

Altesame staan daardie syfer tans op net meer as sestig. Uit erkenning vir hul pogings om Blouvlagstatus te verwerf, is daar hierdie seisoen egter ook drie-en-dertig loodsprojekte en alles moontlik sal gedoen word om te sorg dat ook hulle ondersteun word om ten volle aan die program se vereistes te voldoen, het sy gesê.

Benewens Grotto, sal die Blou Vlag hierdie seisoen weer eens wapper op Castle Beach en op Kleinmond, Hawston en Onrus.

TROTSE SIMBOOL VAN UITNEMENDHEID! Toegejuig deur Bulelani Ngidi (Hermanus se walvisroeper), help Shamilla Chettiar (adjunk-direkteur-generaal van die nasionale departement van toerisme) Tony Blankenberg (streekinspekteur: spesiale dienste) om die eerste Blou Vlag van die 2021/22-seisoen te hys onderwyl Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en Dr. Andrew Baxter (WESSA se HUB) toekyk.

ONRUSKARAVAANPARK 'N GUNSTELING ONDER KAMPEERDERS

Hartlik geluk aan Onruskaravaanpark se span wat soveel lof deur kampeerders toegeswaai is! Op die foto staan agter (van l-r) Floors Moses, Patrick Mrubata, Brian Olivier, Gracian Boto, Malloy Swartz en Gloria Dalasile. Voor hurk Selvin Hans, Sharon Tito, Dané Laing en Deon Cupido.

Die Burger het onlangs 'n meningsopname onder sy lesers gedoen, en een van die dinge waarvoor hulle moes stem, was hul gunstelingkampeerterrein.

En wrintiewaar, daar wen Hartenbos ATKV toe vir Onruskaravaanpark met net 'n kortkoppie, met Yzerfontein in die derde plek.

Die span verantwoordelik vir die bedryf van die karavaanpark sê "baie dankie" aan al die gereelde kampeerders wat vir hulle gestem het: "Om net-net deur Hartenbos geklop en in dieselfde asem as Yzerfontein genoem te word, is 'n groot eer. Ons boodskap aan al daardie kampeerterreine wat vanjaar om die eerste plek meegeding het: Baie dankie dat julle ons op ons tone hou, en ons wag vir julle volgende jaar!"

'n Enkele kuspaadjie skei diegene wat by die Onruskaravaanpark uitkamp van die see, en mens kan binne tien minute van die kampeerterrein na die strand of strandmeer stap. Boonop kan diegene wat nie noodwendig die branders wil aandurf nie, na hartelus in 'n beskermde natuurlike getypoel neffens die kampeerterrein plas.

Die grasbedekte staanplekke, elk met sy eie braai en rooster, is egalig en word deur melkhoutbome teen die geniepsige seebries beskerm.

Die ablusieblokke is silwerskoon, het warm water en is ingerig om diegene met fisiese gestremdhede te akkommodeer.

Om jou volgende kampeervakansie te bespreek, bel Onruskaravaanpark by 028 316 1210/1704/5618 of rig 'n e-pos aan resortonrus@overstrand.gov.za

16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

Ondersteun hierdie veldtog deur 'n voorspraker by jou huis, in jou gemeenskap en by jou werksplek te wees.

Wat jy kan doen:

- Staak mishandeling:
- Moenie jou aan mishandelende gedrag skuldig maak of in 'n vroue- / kinder mishandelaar ontaard nie.
- Verander skadelike gedragspatrone: Vra vir hulp sodat jy verslawing aan alkohol en dwelms te bowe kan kom.
- Verwerp alle vorme van mishandeling en rapporteer diegene wat hulle hieraan skuldig maak:
- Moenie die rug keer nie! Doen iets!
- Stel alle kulturele praktyke wat genderongelykheid in die hand werk aan die kaak.
- Onderneem dat jy in eie hoedanigheid jou teen enige vorm van geslagsgeweld sal verset.
- Onderrig kinders in die waarde van geslagsongelykheid, en beskerm hulle teen blootstelling aan die gewelddadige en skadelike inhoud wat op die Internet en sosiale media opgedis word.
- Ondersteun jou plaaslike polisiëringsforum of buurtwag.
- Tree sensitief en onderskragend teenoor slagoffers van mishandeling op: Lig hulle in oor waar hulle vir hulp kan aanklop en ondersteun diegene in jou omgewing wat hulle vir hierdie saak beywer.

BEL EEN VAN HIERDIE HULPLYNE VIR ONDERSTEUNING:

- Bevelsentrum vir Geslagsgeweld: 0800 428 428 (24 uur)
- Childline: 116
- Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: 0800 220 250
- Lifeline: 0861 322 322
- People Opposed to Women Abuse: 011 642 4345
- Stop Gender Violence: 0800 150 150

Voorts bied die Tears Foundation toegang tot krisisintervensie, berading en voorkomende voorligting vir diegene wat onder gesinsgeweld, seksuele aanrandings en kindermishandeling gebuk gaan. Stuur 'n gratis SMS na hul hulplyn by *134*7355# of email@tears.co.za

RAPPORTEER MISHANDELING SÓ:

- Bel Stop Misdaad anoniem by 08600 10111
- In 'n noodgeval, bel 1011 onmiddellik
- Praat met 'n maatskaplike werker via die Bevelsentrum vir Geslagsgeweld: Bel 0800 428 428 of stuur 'n "*please call me*" na *120*1876#

NUUSFLITS:

OVERSTRAND-BOBBEJAANBESTUURPROGRAM – VOER VAN BOBBEJANE EN AFVALBESTUUR

Munisipaliteit Overstrand het 'n mandaat ontvang vir die Overstrand-bobbejaanbestuurprogram, maar die Wes-Kaapse regering via CapeNature reguleer steeds die voer van bobbejane in openbare gebiede ingevolge die Regulasies op Wilde Diere (Provinsiale Kennisgewing 955 van 1975), regulasie 42A saamgelees met artikel 86(1)(d). Derhalwe wil die twee organisasies die volgende inligting bekend maak.

A) VOER VAN BOBBEJANE: Baie inwoners geniet dit om wilde diere in hul tuine te hê. Ten einde wilde diere en ekosisteme te beskerm teen die negatiewe impakte wat kos komende van mense tot gevolg het, moet wilde diere in die algemeen en veral bobbejane nie gevoer word nie. Omdat baie kosse wat by mense gekry word groot hoeveelhede suiker, sout en preserveermiddels bevat, het dit 'n negatiewe impak op bobbejane se gesondheid. Hierdie geredelik beskikbare kosse lok troppe na stedelike gebiede. Bobbejane in stedelike gebiede word ook blootgestel aan die gevare wat honde, verkeer, elektriese kabels, tuingifstowwe en verrottende of gevaarlike afval kan inhou. Hulle kan ook langdurige beserings opdoen weens windbukse en ander wapens wat deur gefrustreerde inwoners gebruik word. Bobbejane veroorsaak dikwels skade aan eiendom, en mense loop die risiko dat hulle beseer kan word wanneer hulle eetbare items vashou wanneer 'n bobbejaan nader kom. Die beste praktyk is om nie enige eetbare items ten toon te stel nie en om van bewese bobbejaanbestande meganismes gebruik te maak om te verhoed dat hulle toegang tot huise verkry.

Ingevolge die Wes-Kaapse heersende riglyne vir die bestuur van bobbejane kan 'n bobbejaan wat aanhou om by huise in te breek en skade aan eiendom veroorsaak, geklassifiseer word as 'n "dier wat skade veroorsaak". Dit kan daartoe aanleiding gee dat die dier uit die trop verwyder word. Die voer van bobbejane is onwettig. Die natuurlike plantegroei in beskermde gebiede aan stedelike rande is 'n baie veiliger, natuurlike en gesonder habitat en wei-omgewing vir ons bobbejaantroppe.

Die tabel hieronder verskaf advies oor lokmiddels wat algemeen in residensiële tuine voorkom en hoe om die aanlokking van bobbejane te temper:

LOKMIDDELS IN TUINE WAT BOBBEJANE OOR DIE ALGEMEEN AANTREK

ITEM	WAT JY KAN DOEN
Voëlvoerders: kommersiële voëltjiesaad, vrugte en bottels met suikerwater	Verwyder vrugte, bakke met voëltjiesaad en bottels gevul met suiker-water aangesien bobbejane hierdie uiters aanloklik vind. Plant eerder inheemse blomplante wat voëls heeljaar sal lok. Voëls wat van nektar leef, is belangrike bestuiwers van vele fynbosspesies en moet dus nie afhanklik gemaak word van suikerwaterbottels nie aangesien dit 'n negatiewe impak op die ekosisteem sal hê. Hierdie bottels kan ook bakterie ontwikkel wat skadelik vir die voëls kan wees. Vlak bakke of voëlbaddens met vars water is voldoende sodat voëls daagliks kan drink en bad.
Troeteldierkosbakke	Voer troeteldiere binnenshuis of moenie bakke met kat-/hondekos buite laat nie.
Komposhope	'n Verseëlde komposteringshouer wat aangepas is om bobbejaan-bestand te wees, is die beste oplossing. Maak seker dat vars kombuisafval met 'n dik laag verouderde kompos en grond bedek word, gevolg deur 'n laag swart bouersplastiek. Die swart plastiek behou hitte en vog en sal komposteringstyd verminder.
Vrugte/kos wat vir wilde diere uitgesit word	Moenie enige wilde diere voer nie. Dit gee aanleiding tot afhanklikheid van eksotiese kosse of kos komende van mense wat 'n negatiewe impak het op die noodsaaklike rol wat elke dier in die ekosisteem vervul.
Kos wat spesifiek vir bobbejane uitgesit word	Om bobbejane te voer, is onwettig. Oortreders sal vervolg word.
Vrugte- en neutbome	Die aangewese ding is om vrugte- en neutbome geheel en al te verwyder. So nie moet die ryp vrugte en/of neute gepluk word, maar dit sal nie die bobbejane weghou nie aangesien hulle nie noodwendig altyd wag totdat die vrugte ryp is nie.
Groentetuine	Beveilig binne 'n bobbejaanbestande kweekhuistipe-konstruksie of maak gebruik van stewige ogiesdraad en pale.
Huishoudelike-afvalbestuur	Maak gebruik van 'n dierbestande vullisblik/-houer soos gestipuleer in Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Geïntegreerde Afvalbestuur (2021). Oortreders sal vervolg word.

Ingevolge die Regulasies op Wilde Diere (Provinsiale Kennisgewing 955 van 1975), regulasie 42A saamgelees met artikel 86(1)(d), mag geen persoon in 'n beboude gebied of openbare plek poog om enige bobbejaan (Papio ursinus) of blouaap (Cercopithecus pygerythrus) te voer nie. Eerste oortreders sal beboet word met R2 500 en daarna, ooreenkomstig artikel 86(1)(d), 'n boete van R40 000 of gevangenisstraf van een jaar of beide opgelê word tesame met 'n boete wat gelykstaande is aan drie maal die kommersiële waarde van die betrokke fauna.

B) AFVALBESTUUR: Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Geïntegreerde Afvalbestuur (2021) bepaal dat alle huiseienaars of huurders /okkupeerders gebruik moet maak van dierbestande houers in probleemdiergebiede en dat die munisipaliteit regstappe kan neem teen die eienaar as daar nie aan die volgende voldoen word nie:

Artikel 11(5): *Visitors that leave before collection day must place their refuse in animal-proof containers supplied for the area for that purpose or take their refuse to the nearest waste handling facility as directed by the municipality.*

Artikel 13(5)(d): *Receptacles must be placed outside the entrance to the premises before 07:00 on the day of the week specified by the municipality for waste removal and taken back inside before sunset on the same day or such other location or times as required by the municipality in terms of a written notice to the owner or occupier of the premises.*

Artikel 13(1): *The municipality will collect domestic waste placed in approved domestic waste containers and business waste placed in approved animal-proof business waste containers from a location and in a condition as determined in the bylaw or any notice in terms of this bylaw. Waste placed in a location not meeting the prescriptions of the municipality or a receptacle not approved by the municipality will not be collected.*

Artikel 13(5)(C): *Receptacles are to be kept closed to avoid animal and insect interference and wind-blown litter in a clean and hygienic condition.*

Artikel 13(10): *Only animal-proof containers may be used by residents in areas which the municipality has declared as problem-animal areas, and these containers are, at cost, obtainable from the municipality or an approved vendor.*

Artikel 13(11): *If an owner or occupier of premises in a problem-animal area is using a receptacle that does not comply with the requirements of the municipality, he/she will be instructed to obtain an animal-proof container either from the municipality or an approved vendor and, in cases where the municipality is of the opinion that more than one animal-proof container is needed due to the volume of waste, the owner or occupier will be compelled to purchase such additional container or containers.*

- ***"Animal-proof container"*** *means an approved waste container of suitable design with a locking mechanism that prevents problem animals (wildlife or domestic) from gaining access to waste in a waste container, as required by the municipality in specific areas.*
- ***"Problem-animal areas"*** *means areas identified from time to time by the municipality, as listed and amended as required from time to time on Overstrand's website, where animals behave in a way that creates problems.*

Let daarop dat hierdie brief ten doel het om te versoek dat daar aan Deel A) en Deel B) van hierdie brief voldoen word. As daar bevind word dat enige van die voorgaande steeds op u eiendom oortree word, sal die munisipaliteit CapeNature versoek om die saak ingevolge die regulasies te ondersoek en te vervolg. Indien daar nie aan Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Geïntegreerde Afvalbestuur (2021) voldoen word nie, sal die saak na Overstrand se wetstoepassingsafdeling verwys word wat die aangeleentheid sal ondersoek en oortreders dienooreenkomstig kan beboet.

U samewerking in hierdie verband word waardeer. Enige navrae kan gerig word aan Munisipaliteit Overstrand se omgewingsbestuurafdeling by 028 316 3724.

HONDE-EIENAARS: WEES ASSEBLIEF "GOEIE AMBASSADEURS"

Binnekort gaan ons dorpe oorval word deur besoekers van heinde en verre, en ons doen asseblief 'n beroep op almal om te verseker dat hulle honde ten alle tye in openbare areas aan leibande gehou word. Hierdie areas sluit strande, kuspaadjies en wandelpaaie in.

Hondestappers moet by aangewese roetes hou, die reëls nakom en bedagsaam teenoor ander gebruikers wees, wat ook daarop neerkom dat hulle hul honde se kuttels moet optel.

Let ook daarop dat geen honde op enige van Overstrand se vyf Blouvlagstrande toegelaat sal word solank dié vlag wapper nie.

Die nuwe Blouvlagseisoen skop af op Woensdag, 1 Desember 2021 en sal tot 16 Januarie 2022 duur vir Hawston, Kleinmond, Castle Beach en Onrus. Vir Grotto word hierdie seisoen verleng tot 31 Maart 2022.